NUUSBRIEF 6 VAN 2026

*19 FEBRUARIE 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*

### Interlaer atletiek wenners 2026 - 15de jaar in 'n ry!!





Na 'n verbete stryd het die Rynie atletiekspan as oorwinnaars uit die stryd getree. Hierdie was 'n spanpoging en die Rynies het tot die einde toe geveg. Aan die einde van die dag het die Rynies met meer as 100 punte gewen! Baie geluk aan elke atleet en afrigter wat hard gewerk het van verlede jaar af.

Spesiale dank ook aan al die atlete wat bereid was om die skool in meer as een item te verteenwoordig, sommige atlete tot 5 of meer items! Groot dank aan ons organiseerders naamlik Mnre. Jaco en Theo wat uitstekende werk gedoen het.




*"Die sukses van 'n dissipline by 'n skool, hetsy sport of kultuur, word bepaal deur die organiseerders"*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

**Baie geluk aan die volgende atlete wat op die dag die meeste punte vir die skool ingesamel het en dus Victor en Victrix Ludorum is:**







## Finale punte was as volg:


Laerskool Rynfield

| Skole | Punte |
|---|---|
| 1.Laerskool Rynfield | - 654 |
| 2.Rynfield Primary | - 554.5 |
| 3.Farrarmere Primary | - 523.5 |
| 4.SISA Schools | - 447 |
| 5.Arbor Primary | - 332 |
| 6.Laerskool Northmead | - 294.5 |
| 7.Tom Newby | - 256 |
| 8.Laerskool Brentwoodpark | - 245.5 |

RYNIES IS NOGSTEEDS WENNERS NA 15 JAAR!



# KLEUTERSKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

## PERSONEEL:

Ons groet vir Juf. **Gretha Visser**. Sy was die afgelope 13 jaar betrokke by die kleuterskool en  ons wens haar en haar gesin alle sterkte en voorspoed toe met die nuwe avontuur.  Baie dankie Gretha vir al jou harde werk en die verskil wat jy by Rynfield Kleuterskool gemaak het.








## VEILIGHEID:

Alle ouers en laerskool leerders:
Die veiligheid van ons kleuterskoolleerders is vir ons baie belangrik, daarom versoek ons dat GEEN laerskoolleerder die klein hekkie tussen die skool en kleuterskool mag gebruik nie.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD






## CHEERLEADING DATUMS:







# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KASKARRE:

Dis amper tyd vir een van die lekkerste dae op ons skoolkalender – Kaskardag! 🚗💨Ons moedig al ons leerders aan om hul borgvorms vol te kry en saam groot te gaan!

🎁 **Wat is op die spel?**

✨ **Gelukkige trekking:** Alle leerders wat hul borgvorms inhandig, staan 'n kans om 'n spesiale prys tydens ons gelukkige trekking te wen!

🥤🍿 **Beloning vir harde werk:** Vir elke R300 wat ingesamel word, ontvang die leerder 'n Coke én popcorn by die snoepie! Hoe meer jy insamel… hoe lekkerder raak dit!







**ONDERWYSER-UITDAGING!**

Die kompetisie is warm! Tydens ons onderwysers-uitdaging het die **Graad 7 – Alpinespan gewen en loop tans voor!**

Gaan hulle hul voorsprong behou, of gaan een van die ander spanne die kroon steel? 👀 **Kom ons wys wat ons kan doen!**

Vra familie, bure en vriende om jou te borg en maak seker jou vorm is betyds terug by die skool. Saam maak ons Kaskardag 'n reuse sukses!

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Kollekte sal by die deur ingeneem word.

**NIGERIË**
2026



"Ek sal julle rus gee."
Matteus 11:28-30

## Wêreldbiddag vir vroue

**Alle dames word hartlik uitgenooi om die geleentheid by te woon.**

**Datum:** 6 Maart 2026
**Tyd:** 7:30 vir 7:45
**Plek:** Laerskool Rynfield se skoolsaal.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS



## LAERSKOOL RYNFIELD

**Debat:** Alle leerders wat aan debat wil deelneem moet teen Maandag 23 Februarie vir Juf. Juazelle hul sertifikate vir bywoning van die Con Spirito kursus bring. Jy en jou spanmaat moet ook jul name by juffrou gaan opgee vir uitdunne dat spanne en inskrywings gefinaliseer kan word.

**Redenaars:** Dankie aan al die maats wat hul toesprake ingehandig het vir die Afrikaanse interne redenaars. Ons sien uit na 'n paar propvolle middae. Ons sal binnekort die program uitstuur.

**Gr. 6+7 : 2 Maart (Maandag)**
**Gr. 3 : 4 Maart (Woensdag)**
**Gr. 4+5 : 9 Maart (Maandag)**
**Gr. 1+2 : 11 Maart (Woensdag)**



Ons wil weereens al ons redenaar ouers aanraai om by Juf. Barbara 'n tydjie te reël sodat u kind hul toespraak kan oefen. Dis teen geen koste, skakel haar gerus op 083 600 5554.

**Public Speaking:** Alle Engelse toesprake moet asb. by Juf. Coffey ingehandig word vir goedkeuring. Afsnydatum vir inhandiging is die 20ste Maart. Ongelukkig sal geen laat toesprake aanvaar word nie.

**Let wel:** Daar is 'n probleem met ons kultuur epos. Ons vra groot om verskoning. Stuur gerus enige navrae oor kultuur aan gmcoffey1@outlook.com.

*Kultuurgroete, Juf. Coffey*



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
OOS-RAND STREEK

**Koskas.**

'n Opregte dankie aan **Solidariteit se Helpende Hand** vir hul ongelooflike donasie aan ons skool se koskas. Ook aan elke Rynie gesin wat 'n donasie gestuur het op Valentynsdag. Jul maak 'n groot verskil in ander se lewens.

**Items wat waardeer sal word:**

| | |
|---|---|
| **Aanrol** | **Spuitgoed** |
| **Sjampoo** | **Skottelgoedseep** |



# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

## Afhaal van leerders:

**Slegs persone** wat op die **gesigsherkenningstelsel** gelaai is mag leerders by die naskoolsentrum kom afhaal. Indien u op ‘n spesifieke dag nie self u kind/ers kan kom haal nie, moet die naskool asb per **Whatsapp** in kennis gestel word, met ‘n foto van die persoon.

Die persoon moet ook asb die **kode** aan die sekuriteitswag kan gee.

Die sekuriteitswag en/of ander personeel mag onder **geen** omstandighede die hek oopmaak alvorens dit nie aan hierdie reëls voldoen nie.

- **WhatsApp boodskap**
- **Foto van persoon**
- **Kode**




Selfs al is die persoon bekend aan die sekuriteitswag / personeel (boetie/sussie/maat se ouers ens.) gaan ons nie die hek oopmaak sonder die bogenoemde nie.

## Studieklasse:

Daar is ekstra studieklasse beskikbaar in die middae vir die tydperk van die toetsreeks.
(Gr. 4 - 7)



Sien nuusbrief 5 van 2026 (12 Februarie 2026) vir reëlings.

# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

## Kleretrollie:

Loer gerus vir verlore items (Klere, kosblikke, waterbottels, skryfbehoeftes)
Die trollie sal Woensdag, 25 Februarie leeggemaak word.



## SPYSKAART: NASKOOL

Maan. 23/2: Macaroni & Kaas
Dins. 24/2: "Russians" met kapokaartappels
Woens. 25/2: Worsbredie, rys en groente
Dond: 26/2: Mieliepap
Vry. 27/2: Vetkoek met maalvleis

- Elke middag vrug en sap





## SPYSKAART: SNOEPIE

Maan. 23/2: "French toast" & stroop
Dins. 24/2: Wraps
Woens. 25/2: Mince Jaffels
Dond: 26/2: Toasties
Vry. 27/2: ***Combo***: Hoenderburger + Choc-chip koekie + klein Coke **R50**

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD




# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

